

Dinsdag 26 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 10:1-29

Fokusgedeelte: Nehemia 10:28-29

Lewe in die lig van God se wet

Die groot toets van enige herlewing is die mate waarin dit werklik die lewens van die-gene wat onder sy invloed val, reinig en hervorm. Dit is hierdie soort herlewing wat ons as kinders van die Here elke keer, weer en weer nodig het.

Die volk van die Here het spontaan hulle verantwoordelikheid besef, en tot aksie oorgegaan. Hulle het onderneem om volgens God se wil te lewe. Hulle het pas uit ballingskap teruggekeer en besef dat hulle verlossing alleen by God is. Hulle het nie maar gesit en wag nie, maar het tot aksie oorgegaan.

Die wêreld roep uit dat elke mens maar na sy eie belange moet omsien. Elkeen moet doen wat reg is in sy eie oë. Dit laat mens dink aan die tyd van die rigters (Rigt. 21:25). God se voorskrifte staan tweede, naas die mens se eie sondige begeertes.

Dit is egter ons opdrag as gelowiges om uit ons hopeloosheid telkens na God terug te keer. Ons moet ons lewens uit dankbaarheid in die lig van God se heilige wet bring en in die lig van die lewe van Christus. Dit wat ons elke dag sê, dink en doen, moet vir ander tot voorbeeld wees van wie ons in Christus is.

Deur Jesus se kruisdood het Hy ons ook op 'n kruisweg geplaas, waarin ons oë op Hom gevestig moet wees. Deur die werking van die Heilige Gees kan ons nou saam ook 'n lig vir die wêreld wees. Keer terug na God toe!

Sing: Psalm 90-1:1

Teologiese Student JPL (Vickus) van Jaarsveld